**16 Maart** **Skrifgedeelte: Psalm 121**
**Fokusgedeelte: Psalm 121:2 (1953-vertaling)**

## Met geloofsvertroue vorentoe

Die mees dinamiese gelowige word ook een of ander tyd as gevolg van emosionele probleme moeg. Dit is ’n gevaarlike tyd waarin die duiwel graag in jou gedagtes sal nes skop. Pas op dat jy nie nou die stryd gewonne gee nie! Dit is nou die tyd om jou te anker aan Jesus Christus se kruis, wat Hy op ons pad kom plant het. In Jesus se lyde sien ons dat Hy lank terug al geweet het wat ons gaan deurmaak.

Ons God sluimer of slaap nie. Kyk op na Hom wat voor ons hier verby is en die poorte na die ligpad van die toekoms vir ons kom oopmaak het. Wat ’n troos! Wanneer my kind dan laatnag nog uit is, weet ek die Here gaan haar deurdra na veiligheid. Wanneer ons in die beklemming van Alzheimer ’n vreemdeling geword het vir ons mense, sal die Here ons nie in die donker gange van angs en verwarring eenkant vergeet nie. Hy bly wakker sodat Hy ons kan deurvat tot by die ligdag van die ewigheid.

*Sing: Psalm 121:1 (p. 608)* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*